



WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INOUGURELE REDE NR. 159

REGSOPLEIDING VIR DIE NUWE MILLENNIUM: REGSGELEERDES, LEIERSKAP EN TRANSFORMASIE

Prof TE Scheepers

Inougurele rede gehou op 25 Junie 1999

Publikasiebeheer Komitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
2520

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Publikasiebeheer Komitee
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM

Kopiereg © 2000 PU vir CHO

ISBN 1-86822-372-8

REGSOPLEIDING VIR DIE NUWE MILLENNIUM: REGSGELEERDES, LEIERSKAP EN TRANSFORMASIE

1. INLEIDING

Wat is die enkel belangrikste ding in ons samelewing en land vandag, wat u sou wou verander as dit vir u moontlik was? Dink daaroor... Is dit beëindiging van misdaad? Dat die uitrooi van polisiebeamptes gestaak moet word? Dat kindermishandeling nie meer sal plaasvind nie? Dat die groeiende gaping tussen die rykes en die armes uitgewis moet word? Dat ekonomiese groei moet plaasvind? Dat die krisis van kwynende water en ander natuurlike hulpbronne opgelos moet word? Dat sedelike verval stop gesit moet word? Dat die verandering in die land nie moet handuit ruk nie en dat waardes en standaarde tog moet behoue bly te midde van verandering? Wat dit ookal is, daar is net een manier om u wens te laat waar word. Dit is deur toe te sien dat daar op elke vlak van die samelewing en in elke instelling bekwame leiers aan die stuur van sake staan.

Ons land beleef 'n leierskapskrisis, dit is die hoofrede waarom werklike ontwikkeling nie plaasvind nie en waarom daar by baie mense 'n gees van pessimisme en verwardheid in alle gemeenskappe heers. Ek wil 'n betoog lewer dat ons op universiteitsvlak meer aandag moet gee aan die ontwikkeling van leierseienskappe van studente. Hulle is die leiers van die toekoms. Leierskapsvaardighede moet ontwikkel word op elke terrein van aktiwiteite en vakdissiplines waarby studente betrokke is. Fakulteite, departemente en skole sal moet saamwerk om aan studente die bes moontlike blootstelling en geleenthede te gee om leierskapsvaardighede aan te leer. Ek sal my egter beperk tot leierskap opleiding as deel van toekomstige regsopleiding.

Elke regsgeleerde dien een of ander tyd, na hy of sy afgestudeer het, in die een of die ander leierskapsposisie. Sportklubkomitees, kerkrade, provinsiale wetgewers, die parlement, portefeuljekomitees, munisipaliteite, politieke partye, gemeenskapsorganisasies, direksies, trusts en skoolrade is maar net enkele voorbeelde van geleenthede waar regsgeleerdes dikwels as leiers dien. Elke huisgesin, kerk, besigheid, organisasie, gemeenskap, gebied of land moet leiers hê. Leiers het die geleentheid om deel te kan hê oor besluite oor die toekoms, hulle neem deel aan prosesse om te bepaal in watter soort samelewing ons in die toekoms sal leef. Hulle neem deel aan prosesse en beïnvloed die implementering van beleid, planne en besluite wat die kwaliteit van ons lewe en die van ons kinders bepaal.

2. WAT BEDOEL WORD MET LEIERSKAP EN TRANSFORMASIE

2.1. Leierskap

Vir doeleindes van hierdie artikel en in die lig van die eise van die tyd, word leierskap en transformasie as volg gedefinieer:

"Leierskap is die vermoë om ander mense te beïnvloed om 'n spesifieke doel te bereik".

Leierskap het te doen met die geleentheid om die toekoms te help vorm en die geskiedenis van transformasie van 'n land en sy mense te help skryf; 'n geleentheid wat selde in 'n leeftyd van 'n volk voorkom. Leiers doen mee om 'n toepaslike model te

ontwikkel en om die luuksheid van nuwe geleenthede en keuses wat die geskiedenis ons bied, te kan geniet. Mense kyk na leiers wanneer keuses gemaak moet word. Leiers moet die vraag antwoord oor watter opsies uiteindelik gekies word. Die geleentheid om te kies gaan verby en as die geleentheid nie benut word nie, is die geleentheid vir altyd verby. As mense versuim om keuses te maak, sal ander mense of groepe die keuses maak vir almal wat nie 'n keuse wou uitoefen nie.

Swak leierskap lei tot verkeerde keuses of het tot gevolg dat mense en gemeenskappe die geleentheid misloop om vir hulself 'n beter toekoms te beding.

Ek sou dus die funksie en rol van leiers opsom as om:

- die transformasieproses te fasiliteer;
- deel te neem aan die vorming van die Suid-Afrika van die toekoms;
- toekomstige uitkomst vir gemeenskappe en organisasies te onderhandel; en
- samelewingstrukture te dien, uit te bou en in stand te hou met die oog op die ontwikkeling van ons land en mense.

Leiers word op alle gebiede van die samelewing aangetref. Ons vind leiers in die gesin, groter familie, skole, besighede, kultuur en sportklubs, universiteite, gemeenskapsorganisasies, kerke, plaaslike owerhede en staatsdepartemente. Nie een van hierdie instellings of organisasies kan sonder leierskap nie. Die sukses of mislukking van hierdie organisasies hang gewoonlik tot 'n groot mate af van die kwaliteit van die betrokke leiers.

Leiers het eerstens 'n bestuursfunksie om toe sien dat, binne die beperking van hulpbronne en na gelang van omstandighede, die belang van die instelling en sy lede gedien word. Veral wanneer dinge verander moet hierdie verandering bestuur word. Dit is een aspek van leierskap. Die ander is om bo en behalwe die bestuur van veranderinge wat van tyd tot tyd voorkom, ook transformasie te help bestuur wanneer die eise van die tyd dit vereis.

2.2. Transformasie

Met transformasie bedoel ek

“n proses van hervorming waardeur geleenthede geskep word om iets nuuts tot stand te bring as deel van 'n geïntegreerde ontwikkelingsproses.”

Dit gaan om meer as net verandering en die bestuur van verandering. Transformasie is die proses van vernuwing van denke, houding en benadering tot probleme en uitdagings. Vir die regsgeleerde is dit nie die bestuur van verandering deur die implementering van die regsraamwerk of instellings en die wysiging van regsreëls nie, maar die skep van 'n nuwe denkraamwerk wat die paradigma, wat in die land aan die ontvou is, akkommodeer en die waardes van die mense van Suid-Afrika weerspieël.

Dit wil voorkom of die huidige transformasieproses in Suid-Afrika nog 10 tot 15 jaar kan duur, dit neem lank om staatsmasjinerie te verander. Herbeplanning en herstrukturering van organisasies en die ekonomie kan nie oornag geskied nie; daar is wel baie goeie

onmiddellik in plek geplaas moet word om te verseker dat die transformasie-geleentheid wel benut word - daar sal nie gou in die geskiedenis weer so 'n geleentheid opduik nie.

Die transformasieproses wat tans in Suid-Afrika ontplooi, is duidelik sigbaar in die regswêreld. Onlangse beleidsdokumente wat transformasie in die vooruitsig stel, is die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram, die GEAR-program, die bevolkingsontwikkelings beleid, die beleid op plaaslike owerhede, die grondbeleid, die beleid ten opsigte van water- en natuurlike hulpbronbestuur, die onderwysbeleid, die Nasionale Misdaadvoorkoming-strategie, behuisingbeleid, Departement Justisie se *Vision 2000*, Batho Pele, ensovoorts.

Transformasie van regsinstellings en regswerking geld op die gebied van die arbeidsreg, menslike hulpbronbenutting in die Staatsdiens, grondreg, plaaslike owerheidsreg, ontwikkelingsreg, waterreg, omgewingsreg, om maar net 'n paar te noem.

Hierdie beleids- en regsraamwerk is nie net 'n wysiging van die ou- of bestaande beleid of regsreëls nie, in meeste van die gevalle het ons met 'n totale nuwe benadering, denke en waardes te doen.

Die transformasie wat in die nuwe beleid- en regsraamwerk in die vooruitsig gestel word, is nie gemik op verandering om by die wense van die ANC as die regering van die dag aan te pas nie. Transformasie behels baie meer as om by korttermyn partypolitiek te probeer aansluiting vind. Dit gaan daaroor om volgens wêreldwye veranderende omstandighede en internasionale werklikhede volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig en om in Suid-Afrika die bestel wat by KODESA en die Veelvolkige samesprekings beding is, te implementeer en te ontwikkel. Om 'n enkele voorbeeld te noem: die onderhandelde ekonomiese beleid en grondbeleid wat vandag in wetgewing neerslag vind, verskil hemelsbreed van die ANC, as politieke party, se ekonomiese- of grondbeleid soos wat hulle dit in die verkiesingsmanifes voor die 1994 verkiesing uiteengesit het.

Die transformasie wat in Suid-Afrika vir die nuwe millennium in die vooruitsig gestel word, is ver verheve bo partypolitieke geskarrel en moet hanteer word op 'n holistiese vlak waar die ontwikkelde- en ontwikkelende lande as internasionale vennote probeer om gebalanseerde-, sosiale-, omgewings- en ekonomiese volhoubare oplossings vir globale probleme te probeer vind. Die transformasieproses skep nuwe geleenthede vir ontwikkeling en het ook ten doel om hoër en nuwe waardes te verseker vir die toekoms of toekomstige nuwe bedeling.

Die sukses van die transformasieproses hang af van die kwaliteit van leierskap en die vermoëns van leiers om die proses te kan fasiliteer. Moed, eerlikheid, vertroue, geduld, visie, standvastigheid, geloof en integriteit is sommige van die kriteria wat gewoonlik gebruik word om kwaliteit van leierskap te meet. Die vermoë om probleme te kan oplos en om mense te lei sodat oplossings suksesvol deurgevoer kan word, is 'n belangrike eienskap van leiers, veral in 'n ontwikkelende land, soos Suid-Afrika. As ons wil hê dat die leiers wat by ons regs fakulteit afstudeer oor hierdie eienskappe moet beskik, moet ons as deel van ons regsopleiding vir die ontwikkeling van daardie vermoëns voorsiening maak.

3. HOEKOM LEIERSKAP BY REGSOPLEIDING INGESLUIT MOET WORD

Die reg se funksie is al hoe meer aan die verander na 'n instelling wat mense ondersteun sodat hulle volgens hulle eie aspirasies, en doelstellings van hulle gemeenskappe, suksesvol hulle regte kan uitoefen en verpligtinge kan nakom binne onder andere die unieke raamwerk van daardie gemeenskap se waardes. Die reg is nie meer daar om te manipuleer en om sosiale verandering af te dwing nie. Die reg gee leiding, bemagtig, bied inligting en kennis. Die reg is deel van die institusionele raamwerk waarbinne verskeie rolspelers in die samelewing optree om 'n beter lewe, reg en regverdigheid te verseker. Die reg bring nie verandering, transformasie of ontwikkeling te weeg nie. Die reg is slegs 'n instrument in die hande van leiers en bestuurders om die nodige verandering, transformasie en ontwikkeling te fasiliteer. Omdat die rol en funksie van die reg in Suid-Afrika aan die verander is, moet regsopleiding dus ook aangepas word.

Regsopleiding moet mense in staat stel om as leiers die uitdagings wat met die aanbreek van die nuwe millennium ons inwag, die hoof te bied en om leiding te gee sodat:

- ons kan voldoen aan die eise wat die *regstaat* en Grondwet aan die regsgeleerde stel;
- ons die paradigmaverskuiwing wat die rol en funksie van die reg bepaal kan hanteer; en
- besluite geneem kan word binne die regs- en waarderaamwerk wat in 'n gemeenskap geld.

Regsgeleerdes het weens die hedendaagse funksie van die reg die taak om as leiers die ontwikkeling van Suid-Afrika binne die regs-institusionele en waarderaamwerk te koördineer en om die transformasie na 'n nuwe sosio-politiese en sosio-ekonomiese orde te fasiliteer.

4. HOE BRING DIE BELANGRIKHEID VAN LEIERSKAP IN DIE TRANSFORMASIEPROSES ONS UIT BY REGSOPLEIDING?

Regs fakulteite lewer afgestudeerdes met 'n professioneel erkende regskwalifikasie, die nuwe LLB-graad. Hulle word prokureurs, advokate, regters, landdroste, staatsaanklaers, regsadviseurs, sakelui, politici, dosente, konsultante of ander ampsdraers. Hulle dien in die gemeenskap in vele organisasiebesture en leierskapsposisies. Hulle is betrokke by gemeenskapswerk, sport, kultuur, die kerk en dien in vele ander leierskapsposisies.

In hulle professionele-, sake-, beroeps- en privaatlewe is hulle in 'n uitstekende posisie om 'n bydra te maak tot die oplos van die probleme van die land. Inteendeel, dit word van hulle verwag. Is hulle voldoende opgelei om hulle leierskapsrol te kan vervul? Ons leer hulle wel hoe die reg werk en wat die reg sê. Ons leer hulle wat die beginsels en die prosesse is. Ons leer hulle waar om die bronne te vind en hoe om dit te verstaan. Ons leer hulle van probleemgevalle wat voor die hof gedien het en hoe die hof die reg toegepas het om 'n probleem op te los.

Ons leer hulle nie hoe om hulle kennis van die reg aan te wend ten einde as juriste te help om die land, samelewing, gemeenskap, familie of organisasie se probleme op te los nie. Ons leer hulle nie hoe om die reg te gebruik in die konteks van die problematiek van die

dag nie. Ons leer hulle wel dat die reg die maatstaf is waarvolgens regerings- en ander administratiewe handeling getoets word en dat die afweeg van belange daarvolgens plaasvind sodat reg en geregtigheid kan geskiet. Maar leer ons hulle om as een van die belangrikste rolspelers in die samelewing hulle regs kennis aan te wend om te help om landsprobleme en samelewingskwessies op te los? Dit lyk nie vir my so nie, altans nie goed genoeg nie. Ons land ervaar 'n nypende tekort aan leiers op alle vlakke van die samelewing, veral daar waar die leiding geneem moet word om toe te sien dat die probleme van ons tyd op regverdige en volhoubare wyse hanteer word. Die reg vorm immers die raamwerk waarbinne die land bestuur en mense gelei moet word; die regsgeleerde moet toesien dat al die rolspelers binne hierdie raamwerk hulle volwaardige rol tot voordeel van die land en hulle mense uitleef.

Universiteite bevind hulle in die posisie om leierskapsopleiding saam met opleiding soos regsopleiding te kan aanbied. Ek dink nie dat ander instellings dit so goed as 'n universiteit sou kon doen nie. Die vlak van navorsing en internasionale akademiese interaksie sowel as die geïntegreerde vak- en dissipline benadering, maak dat hedendaagse universiteite soos die PU vir CHO by uitstek toegerus is om waarde in die vorm van leierskapsopleiding te kan toevoeg tot die gewone regsopleiding wat reeds van 'n hoë gehalte is.

Alhoewel studente opgelei word vir 'n professie, word hulle nie opgelei om 'n spesifieke werk te kan doen nie, soos in die geval van tegniese opleiding nie. Studente word die geleentheid gegee om 'n aantal vaardighede aan te leer, waarvan een die vermoë moet wees om effektiewe besluite as 'n leier te kan neem, wanneer die situasie of geleentheid dit van hom of haar vereis. Die rol van die hedendaagse dosent in regsopleiding is meer dié van fasiliteerder, wat daar is vir die student wat meer wil weet as net dit wat in die voorgeskrewe studiemateriaal voorkom.

Ek sou in die verbygaan net terloops wou opmerk dat, wanneer 'n vak of module by wyse van telematiese medium of metode aangebied word, dit moeilik is om leierskap vaardighede met dieselfde gemak en sukses te ontwikkel as in die geval van kontakonderrig. Die dosent as leier help die student om leierskap, besluite en 'n spesifieke benadering tot probleemoplossing aan te leer volgens die bepaalde problematiek wat ter sprake is en volgens die potensiaal van die betrokke student. Selfs videomateriaal sal nie die gewenste uitwerking hê nie. Daar sal dus ernstig moet besin word om die Engelse (deelytdse) LLB-program weer by die regsfakulteit aan te bied, al sou dit nie in die aand wees nie, om ook aan daardie studente, wat nie voltyds kan studeer nie, die geleentheid te gee om die toegevoegde waarde van leierskapsopleiding tot die regskurrikulum te kan geniet. Veral by regsopleiding sal telematies en ander afstandsonderrig altyd die tweede of derde beste opsie wees en nie die eerste keuse van enige regsgeleerde kan wees nie.

5. HOE MOET LEIERSKAPSOPLEIDING AS DEEL VAN REGSOPLEIDING LYK?

Die verandering in ons benadering tot opleiding na leergesentreerde regs onderrig is reeds 'n groot stap in die regte rigting. Dit is by die vasstelling van die uitkomst en doelwitte wat die leerder moet behaal, waar die geleenthede vir leierskapsopleiding benut moet word.

So dikwels word die uitkomst slegs rondom die vakeie-inhoud gesentreer. Daar word van die student verwag om te kan verduidelik waarom die vak handel en hoe daar met die vakinhoud omgegaan moet word. Hulle moet die ontwikkeling van 'n leerstuk kan verduidelik, of die geskiedenis asook weet hoe beginsels in die praktyk deur die howe toegepas word. Dit is pragtig so. Dit is net nie genoeg nie. Dit beperk die student se denke net tot die regswerking van die vakgebied met betrekking tot 'n regsprobleem. Dit plaas nie reg in holistiese konteks tot die werklike lewe daarbuite nie.

'n Tipiese pas afgestudeerde juris sou haarfyn kan verduidelik wat die vereistes vir 'n geldige kontrak is maar sou nie haar kennis kan toepas op die kontraktuele verhouding tussen die gemeenskap, die vakbonde, die owerhede en die privaatinstansie by sogenaamde "*public-private partnerships*" nie. Dit was juis regsgeleerdes wat verantwoordelik was vir die Nelspruit en Dolphin Coast debakel omdat hulle nie gewest het hoe om die beginsels van die *social compact* en *public participation* toe te pas nie. Nog 'n voorbeeld van die onvermoë van juriste om hulle duur regskennis binne die konteks van die Suid-Afrika van vandag aan te wend, blyk uit die toepassing van plaaslike owerheidswetgewing en regulasies met verwysing na die regs-institusionele raamwerk sonder om die gemeenskapswaardes en waarderaamwerk van *civil society* in ag te neem.

Dit is juis een van die interessante opmerkings van Regter Sachs in die onlangse saak van Soobramoney v Minister of Health (KwaZulu-Natal) (CCT 32/97 27 November 1997) waar die agbare regter *inter alia* gesê het dat dit die taak van die juris is om te bepaal wat die kriteria is wat aangewend moet word om te bepaal wie die reg op beperkte hulpbronne het wanneer dit weens hierdie beperktheid nie moontlik is om aan almal die reg van toegang tot hulpbronne soos mediese versorging te kan gee nie.

Uitkomst moet vir regstudente die geleentheid bied om die reg in sosio-politiese, omgewings en ekonomiese konteks te bestudeer en toe te pas. Dit wil voorkom asof in die praktyk die sukses en haalbaarheid van leier- en bestuursbesluite ten minste moet voldoen aan die toets van sosiale-, omgewings- en ekonomiese volhoubaarheid. Die vakinhoud van elke regskursus moet ook in die konteks van hierdie drie kritiese faktore holisties aan die student oorgedra word. Wat tans gebeur is dat die reg aangaande die omgewing en die bestuur van natuurlike hulpbronne byvoorbeeld as een semesterkursus aangebied word - as 'n soort van 'n stopvak wat ingedruk moet word omdat almal weet dat dit belangrik is - maar nie bereid is om die *status quo* te verander om hierdie aspek 'n volwaardige plek in die kurrikulum te gee nie.

Die antwoord is nie om meer vakke by te voeg nie - die antwoord is om die:

- 1) studie-uitkomst holisties binne konteks van landsproblematiek te bepaal;
- 2) huidige kernvakke op so 'n wyse aan te bied dat die sosiaal-politiese-, omgewings- en ekonomiese werklikhede van die land wel deeglik aangespreek word; en
- 3) praktiese toepassing, by wyse van gevallestudies, gesimuleerde besluitneming-situasies en skynhowe met toepaslike aspekte van die vakteorie geïntegreer moet word.

5.1. Gekontekstualiseerde uitkomst

Saamgegroepeerde vakke moet as groepe van vakke of bondels studieveldde saam landsprobleme identifiseer en daar rondom uitkomste formuleer. Die hedendaagse probleme en uitdagings wat die mense van Suid-Afrika in die gesig staar, moet die uitkomste bepaal. Die huidige problematiek, waarna ek aan die begin van hierdie rede verwys het, sluit kwessies in soos byvoorbeeld.:

- groter wordende gaping tussen arm en ryk,
- toenemende negatiewe invloed van vigssterftes,
- kindermolesterings en verwaarloosing,
- die tekort aan water in Suid-Afrika,
- die agteruitgang van natuurlike landbouhulpbronne,
- werkloosheid,
- korrupsie,
- rasse- en etniese polarisasie,
- die misdaadprobleem,
- gebrek aan ekonomiese groei,
- ontoereikende en agteruitgang van die onderwysstelsel,
- agteruitgang van regstoepassing in die landdroshowe.

Een of meer van hierdie kwessies moet deel uitmaak van die studie en onderrig uitkomste wat vir 'n aantal vakke, binne 'n vakgroep, vasgestel word, soos aangedui in bylae A.

Uitkomste moet ook ten doel hê dat die leerder probleme kan oplos. Dit is immers een van die grootste take van leiers, soos ek reeds genoem het, om probleme en problemsituasies te kan hanteer. Waar probleme, soos wat dikwels die geval is, nie opgelos kan word nie, moet hulle as dilemmas van ons tyd bestuur word. Die hantering van probleme vereis kennis van die vak en tegniese meganismes wat beskikbaar is, asook dat die leier of bestuurder die sosiale-, ekonomiese- en omgewingskonteks waarbinne die reg funksioneer goed verstaan.

5.2. Gekontekstualiseerde aanbieding van vakinhoud

Vakinhoud moet so aangebied en toegepas word dat dit met die sosio-politiese, omgewings en ekonomiese werklikhede van ons tyd tred hou. Leierskapsbesluite, en veral besluite van regsgeleerdes in leierskapsposisies, moet die mens, die natuurlike hulpbronne en die ekonomiese aspekte en implikasies akkommodeer, ten einde te kan voldoen aan die eise van ons tyd en die uitdagings van die nuwe millennium.

Byvoorbeeld kan met die aanbied van die vakke wat handel oor die geskiedenis, filosofie, inleiding ensovoorts gekyk word na die oorsprong, hier ter lande en in terme van wêreldgeskiedenis, van die beginsels, beleid, waardes, norme, probleme en oplossings van die reg met betrekking tot sosiale-, omgewings- en ekonomiese volhoubaarheid, mensgesentreerde ontwikkeling, omgewingsbestuur en ekonomiese ontwikkeling.

Die vakke wat deel vorm van die strafreg en regstoepassing vakgroep, moet die vakaanwending toelig met spesifieke verwysing na die misdade teen die mens, soos gebruiklik in die LLB-kursus, maar ook met verwysing na die misdade teen die omgewing

wat verband hou met bestuur en gebruik van natuurlike hulpbronne en dan ook spesifiek die ekonomiese misdade, korrupsie, bank en geldmisdade, valutabeheer, ensovoorts.

Administratiefreg moet toegelig word, nie net aan die hand van die verhouding tussen die onderdaan en die staat nie, maar ook ten aansien van die geweldige administratiefregtelike bepalings wat met natuurlike hulpbronprobleme te make het asook die finansiële administrasie, fiskale aangeleenthede, begrotings, departementele oordragte en die regsraamwerk vir befondsing van ontwikkeling.

Kontrakte, delikte, en verryking, as deel van openbare- en privaatsektor vakgebied, moet ook toegepas word met verwysing na omgewings- en hulpbronbestuur asook die finansiële en die ekonomie. Veral die *public-public*-, *public-private*- en BOT-kontrakte, waarby internasionale ontwikkelingskapitaal by betrokke is op plaaslike owerheidsvlak, kan byvoorbeeld met vrug as toepassingsgebied aangewend word.

Die handel- en nywerheidsvakke moet die probleme op die gebied van kleinsake ontwikkeling, informele sektor, handel en uitvoer, nywerheidsvestiging, die implementering van die GEAR-program, arbeidsverhoudinge, ensovoorts as toepassingsgebied neem.

Soos aangedui in bylae C word juridiese denkwelde wat ons as vakgebied of vakke beskou aangebied, soos byvoorbeeld regsgeeskiedenis, filosofie, prosesreg, kontrakreg, delikte- en dispuut resolusie, onderverdeel in eenhede of krediete wat aangebied word binne die konteks van die *reg en die mens*, *die reg en die ekonomie* en *die reg en die omgewing*.

Ek betoog derhalwe dat die vakke en vakindelings soos ons dit tans ken, vervang moet word met 'n herindelings van onderafdelings van die betrokke studieveld binne die konteks van geïntegreerde studie- en leeruitkomst.

5.3. Praktiese toepassing

Wat die praktiese toepassing, gevallestudies en probleemoplossing betref, moet elke vak of vakgroep die praktiese werk koördineer sodat bogemelde probleme, waarmee die jongere geslag regsgeleerdes die nuwe millennium ingaan en vir die volgende 10 tot 15 jaar gaan stoei, as gevallestudies en skynhof onderwerpe kan dien.

Dit is by die praktiese toepassing en evaluering van leierskap vaardighede, dat een belangrike kritiese suksesfaktor beklemtoon moet word, naamlik die vermoë om benewens die juridies-institusionele raamwerk van die grondwet, wette en regulasies, ook die kultureel- sosiale waardes in ag te neem by besluitneming. Die geldigheid van die reg en die suksesvolle toepassing daarvan (soos ook in die geval van bestuur en leierskapsbesluite) hang af van die mate waartoe hierdie reëls of besluite die kulturele en religieuse waardes van mense weerspieël. Wanneer mense en gemeenskappe nie hulle eie kulturele en geloofswaardes in owerheid of leierskapsbesluite kan hoor weerklank nie, verloor hulle vertroue in leiers en beskou hulle reëls en besluite as nie op hulle van toepassing nie.

Vreedsame verandering en volhoubare transformasie sal slegs deur leiers in die nuwe millennium beding kan word indien hulle versigtig en eerlik reageer op dit wat mense vir

hulle sê oor hulle probleme en hulle drome. So sal vertroue in die vermoëns en integriteit van die leiersgeslag van die toekoms gekweek en verdien word.

Verdraagsaamheid en respek vir die siening van andere vereis dat elke leier moet weet wat sy of haar eie waardesisteem is. Elke leier moet sterk genoeg wees om in wysheid te kan oordeel oor wat in die beste belang van ander mense of gemeenskappe sou wees. Die integriteit van leierskapsbesluite sal bepaal word deur te kyk of hulle geneem is sonder om subjektief eie belang of gerief eerste te stel en ook geneem is sonder vrees vir die andersheid van die res van die wêreld. Dit sal beteken dat tyd en aandag ook gegee moet word aan die persoonlike ontwikkeling van jongmense as leiers van die toekoms.

6. ENKELE OPMERKINGS OOR VAKGROEPE IN 'N REGSFAKULTEIT.

Regs fakulteite moet binne die volgende twee tot drie jaar studieprogramme herontwerp om te voldoen aan die nuwe kwalifikasie raamwerk vereistes soos voorgeskryf deur die nuwe kwalifikasie owerhede en wetgewing. Dit sal nie voldoende wees om net die ou vakke bietjie op te warm en 'n ander kleur te verf nie. Hierdie is 'n geleentheid om iets nuuts daar te stel ten einde leiers vir die toekoms te help vorm, die transformasieproses in die land aan te help en studente voor te berei vir die uitdagings van die nuwe millennium.

Ek gebruik nie die term "vakgroep" as 'n administratiewe eenheid soos 'n departement of groep werknemers nie. Die krag van 'n fakulteit soos die aan die PU vir CHO lê juis daarin dat almal met dieselfde taak besig is en as een groep of span geweldige hoë uitsette handhaaf. Die idee van departemente is in elk geval uitgedien en niemand kan meer soveel kostesentrums administreer of bekostig nie.

Sonder om in te gaan op die bestuurs- en roosterimplikasies van die bogemelde benadering tot regsopleiding, sou ek graag in die verbygaan net wou noem dat in die lig van bogemelde, ek van mening is dat 'n moontlike alternatiewe indeling van vakgroepe in 'n regs fakulteit sal wees om die regsvakke in drie vakgroepe in te deel, naamlik:

- die persoonereg vakgroep, met die fokus op die reg en die mens, familie, organisasies en die gemeenskap;
- die omgewingsreg vakgroep, met die fokus op natuurlike hulpbronne, die grond, water, minerale, hulpbronbenutting en bestuur; en
- die ekonomiesereg vakgroep, met die fokus op kleinsake ontwikkeling, werkskepping, ekonomiese ontwikkeling, fiskale- en monetêre aangeleenthede, bankwese, geldsake, handelspraktyk, en in- en uitvoer.

Elke vakgroep, soos uiteengesit in bylae B en C, moet 'n gelykwaardige deel vorm van die kurrikulum van regstudente. Elke student sal in al drie sleutelvakgroepe opgelei word. Die voor- en nagraadse opleidingskomponent van die fakulteit sal dus volgens hierdie drie ooreenstemmende vakgroepe ingedeel kan word.

Die huidige vakke, soos ons dit vandag ken, sal in modules of krediete onderverdeel word en die krediete sal dan saamgegroepeer word binne elk van die drie vakgroepe om met verwysing na die bogemelde uitkomst en konteks ten opsigte van al drie sleutelrigtings aangebied te word, soos hierbo uiteengesit met verwysing na bylae B. Afhangende van die beroep wat die voornemende student wil volg, kan verskillende krediete, of

samestellings van krediete, aangebied word binne elke vakgroep. Bylae B en C verduidelik by wyse van 'n voorbeeld hoe om regsopleiding in elke vakgroep in konteks met die realiteite van ons tyd te verbeter deur middel van modules in te deel in die verskillende vakgroepe. Die volgende is ook voorbeelde van hoe so 'n nuwe bedeling sou kon werk.

6.1. Die personereg of die “reg en die mens”-vakgroep

Hierdie vakgroepe bestaan uit modules wat te make het met die mens en sy verhouding tot ander persone (natuurlik of juridies) en die staat. Dit sou insluit familiereg, misdrywe teen die persoon en die staat, sekere soorte kontrakte, delikte- en prosesreg, strafreg en sivielregtelik. Dit sou ook die geskiedenis, filosofie, kulture, gewoontereg, en ander waardes, teorie, nasionale- en internasionale vergelykende regsinstellings insluit. Menseregte, kindermishandeling, misdade teen vroue, verlowings, huwelike, vererwing, testamente ensovoorts sou hanteer kon word om die student te leer om die reg te gebruik om sosiale- of “mens”-probleme op te los.

6.2. Die omgewingsreg vakgroep, “die reg en die omgewing”

Hierdie groep modules of krediete het te doen met die reg wat te make het met grond, water, die omgewing, ekosisteme, bestuur en benutting van natuurlike hulpbronne, nasionale- en internasionale reëls en teorie, die geskiedenis, filosofie, kontrakte, delikte, misdrywe, wette, die gemenerereg, strafregtelike- en prosesregtelike aspekte, ensovoorts, soos dit aanwending vind binne die- konteks van die problematiek van ons tyd. Grondgebruiksbeplanning, ontwikkeling en registrasie, die rol van die verskillende regeringsinstansies in die voorsiening en bestuur van natuurlike hulpbronne, besoedeling en herwinning is voorbeelde van toepassingsvelde ten opsigte waarvan hofsake, gevallestudies, besluitneming en probleemoplossingsimulasies moet plaasvind.

6.3. Die ekonomiese vakgroep, “die reg en die ekonomie”

Die filosofies, geskiedkundige, staatsregtelike, grondwetlike, kultureel-sosiale en waarde-aangeleenthede, prosedures, kontrakte, delikte, verryking, die kommersiële, kleinsake ontwikkeling, die entrepreneur, nywerheidsontwikkeling, nuwe vorme van besigheidsvorme, die groei van die ekonomie en verhoging van produksie sal alles deel van hierdie vakgroep kon wees. Versekering, bankreg, sosio-ekonomiese regte, in- en uitvoer, belasting, patente, kredietkaarte en tjekmisdade, skuldinvordering, aandele-ooreenkomste, die andelebeurs, skep van werk en stimulering van ekonomiese groei in landelike en stedelike agtergeblewe gebiede, is maar enkele voorbeelde waar rondom krediete en modules aangeleg kan word binne hierdie vakgroep.

Dit is egter van groot belang wanneer daar gedink en gepraat word oor nuwe toegepaste regsopleiding binne die konteks van die aanwending van die reg by probleemoplossing en as instrument vir leiers om die vooruitgang van die land te bevorder, dat vakgroepe nie as waterdige kompartemente beskou moet word nie. Aspekte soos die Grondwet, grondwetlike waardes, arbeidsreg, sosio-ekonomiese regte, boedels en testamente, en vele ander, sou ewe wel onder meer as een van die voorgestelde vakgroepe kon tuishoort.

Die groot voordeel van so 'n indeling sou wees dat sekere gebiede van die reg wat tans nie voldoende aandag kry nie, soos gesondheidsreg, onderwysreg, vervoerreg, kinderreg, as krediete bygevoeg kan word om 'n groter keuse aan regstudente te gee sonder dat meer vakke bygevoeg word by die voorgeskrewe hoeveelheid wat die student verplig is om te neem.

7. SLOTOPMERKINGS

Suksesvolle leierskap en betekenisvolle leierskapsbesluite vereis gewoonlik die vermoë en insig om aan drie kritiese suksesfaktore of kriteria te voldoen: die sosiale, die natuurlike hulpbron en die ekonomies-finansiële realiteite. Regsopleiding moet sodanig verander word om voorsiening te maak vir hierdie drie realiteite as geïntegreerde sleutelvakke of vakgroepe wat op so 'n wyse aangebied word dat leierseienskappe en vaardighede volgens die behoeftes van die land, ontwikkel word.

Bylae A

Voorbeeld van uitkomst vir groepe vakke binne die konteks van probleme en uitdagings wat deur toekomstige regsgeleerdes as leiers aangespreek sal moet word

UITDAGINGS EN PROBLEME	HUIDIGE VAKKE WAT SAAM GEVOEG MOET WORD TEN EINDE SINVOLLE UITKOMSTE TE KAN BEPAAL.
Armoede, werkloosheid, behuising, gebrek aan ekonomiese groei, maatskaplike probleme	Sosio-ekonomiese regte, ondernemings-, kleinsake-, markte en landbou-, grond-, handels-, nywerheids-, kontrakte-, arbeids-, plaaslike owerheids- konstitusionele-belasting-, sake- in en uitvoer-, siviele proses-, patente- en boedelreg asook die teorie, filosofie, geskiedenis, gewoontereg en uitleg van die reg en regsreëls wat te make het met die ekonomie en ekonomiese ontwikkeling van die land.
Gesinsmisdade, kindermishandeling, seksmisdade, dwelmmiddels, misdaad, diskriminasie, huwelike en egskeidings, onderhoud, ensovoorts.	Personereg, familiereg, kontraktereg, strafreg, die Grondwet, administratiefreg, straf- en sivieleprosesreg, deliktereg, regspluralisme, bevolkingsontwikkelingsreg, gesondheidsreg, kinderreg, ensovoorts.
Natuurlike hulpbronne, toedeling, gebruik, besoeiding en bewaring.	Omgewingsreg, nywerheidsreg, deliktereg, strafreg, siviele- en strafprosesreg, kontraktereg, waterreg, landboureg, grondreg, sakereg, plaaslike owerheidsreg, administratiefreg, internasionale reg, ensovoorts.

Bylae B

Die drie voorgestelde sleutelvakke, hoofrigtings of vakgroepe met voorbeelde van modules of krediete in elke sleutelvakgroep; onder aan die tabel word voorbeelde gegee van gemeenskaplike uitkomst

DIE REG EN DIE MENS	DIE REG EN DIE NATUURLIKE OMGEWING	DIE REG EN DIE EKONOMIE
<p>Modules:</p> <p>Die mens as persoon Geboorte Sterftes Regte van gestremdes Verhoudings en verbintenisse Familie en huwelikslewe Gesondheid Sosio-ekonomiese regte Menseregte Vererwing Misdade Strawwe Delikthof en mediasie Prosedures Teorieë Filosofie en geskiedenis Wette Gemenerereg Kultuur Gewoontereg Waardes Funksie van die staat en staatshulp ten aansien van die bogenoemde sleutel vakgebied.</p>	<p>Modules:</p> <p>Omgewingsreg Grondreg Landbouereg Waterreg Hulpbronbestuur Registrasie van regte Lisensies Serwitute Plaaslike owerheidsreg Ontwikkelingsfasilitering Beheer van besoedeling en Voorkoming van woestyne Die Grondwet Administratiefreg Kontrakte Delikte Erfreg Minerale Vervoer Subsidies Internasionale reg Die teorie Geskiedenis Filosofie Wettereg Gemenerereg Kultuur en gewoontereg ten opsigte van bogemelde sleutelrigting.</p>	<p>Modules:</p> <p>Handel Nywerhede In- en uitvoer Lenings Subsidies Kleinsake-ontwikkeling Bankreg Wisselreg Kredietkaarte Kontrakte Delikte Rente Belasting Patente Behuising Kontrak en projekbestuur Ontwikkelingsbestuur Ontwikkelingsfunksies van owerhede Die Grondwet Misdade Straf- en prosesreg Vervoerreg Werkskepping Arbeidsverhoudinge Wêreldbank in internasionale monetêre reëlings Valutabeheer Invoerbeperrings Subsidies Regeringshulp en bydraes</p>

Uitkomst:

Die verstaan van die funksie, werking en toepassing van die reg om probleme op te los.

Bekamping van armoede, misdaad, besoedeling, korrupsie.

Toegang tot die reg, tot regte, hulpbronne, geleentheid en self verwesenliking.

Heropbou, transformasie, ontwikkeling, groei, produksie, tegnologiese vooruitgang.

Die werking van die reg in samehang met norme, waardes, kultuur, geloof en die politiek.

Bylae C

Voorbeelde van die indeling van vakke soos ons dit tans ken in modules en krediete aangebied binne sleutel vakgroepe

HUIDIGE VAKKE	VAKGROEP: DIE REG EN DIE MENS	VAKGROEP: DIE REG EN DIE OMGEWING	VAKGROEP: DIE REG EN DIE EKONOMIE
Regsgeskiedenis van die....	Mens Familiereg Personereg Samelewing Organisasies Die mens en die staat en regeringsinstellings Volkswelsyn, etniese Kultuurgroeperings	Benutting en toedeling van natuurlike hulpbronne aan individue en groepe. Regte en verpligtinge van mense en groepe. Registrasie van regte. Staatsfunksies en die omgewing.	Geld Ekonomiese ontwikkeling en die reg Besigheidsvorme Fiskale en monetêre beheer Handelsreg Werkskepping Opleiding Vakbonde Die vrou se rol Kultuur en ekonomie Wins en belasting
Filosofie van die...	Mens en die reg Samelewing Kultuur Politiek Die funksie van die reg Staat Owerheidsinstellings Organisasies Die familie Leierskaptradisionele leiers Ontwikkeling	Toegang tot natuurlike hulpbronne Die siklus Ekosisteme Menslike en ekologiese reserwes Holistiese hulpbronnestuur Die regeringsbeleid Kultuur en religie Ontwikkeling en die omgewing	Die reg en die ekonomie Werkskepping Die rol van die staat in ekonomiese ontwikkeling Belasting Wins Besigheidsvorme Valuta en invoerbeheer Subsidies aan die landbou en nywer-

Delikte en die...	Individue Groepe Gemeenskappe Samelewing Instel van eise Verjaring	Besoedeling Wanbestuur Onregmatige gebruik Skadevergoeding	Skade eise as gevolg van delikte Wanvoorstelling Verryking Estoppel
Internasionale reg en die...	Mense in verskillende lande Ooreenkomste Misdade Strafreg Onderhoud Skadevergoeding Vreemdelinge en asiel	Konvensies en verdrae Agenda 21 Watergebruik Grensbeheer Bos en onkruid Kwarantyn Plaaag en siekte- beheer	Internasionale handel Konvensies en verdrae In- en uitvoer Beslegting van geskille Uitleg van kontrakte Internasionale ontwikkelingskon- trakte en konsor- tiums Wêreldbank lenings Ontwikkelingsfinan- sierung Patente en uitvindings

	Menseregte Sosio-ekonomiese regte		hede
Strafreg en die	Misdade teen die mens Kinders Vroue Samelewing Staat Tradisionele howe	Misdade in die grond Wter en omgewings- reg strawwe Bewyslas Bsoedeling	Bedrog Valuta misdade Geldwassery Kredietkaarte en tjeks Witboortjie misdade
Prosesreg (straf en siviël) en die ...	Persoon Die familie Die staat en ower- heidsinstellings Arbeidsverhoudinge Insolvensies Boedelberedding	Misdade Delikte Aansoeke Lisensies Impakstudies Mediasie Tribunale Hofaksies Interdikte	Eise en invordering Dagvaardings en prosesstukke Maatskappye Insolvensies Mediasie Interdikte
Die Grondwet en administratiefreg en die...	Individu Menseregte Sosio-ekonomiese regte Die reg op ontwik- keling Verbruikersbesker- ming	Grondwetlike beskerming van, toegang Regte en verpligtinge en administrasie ten opsigte van natuurlike hulp- bronne	Regte om aan die ekonomie deel te neem Verpligtinge Staat en owerheids- funksies Reserwe bank en ander instellings, begrotings en finansiële verhou- dings
Kontrakte en die...	Huwelik Verloving Testamente Werknemers Werkgewers Boedels Versekering Outeursreg	Allokasie Gebruiksregte Huur verkoop Serwitute Mineraalregte	Sluiting van ooreenkomste Koop Verkoop Huur en verhuur Met regspersone Testamentêre bepa- lings Kontraktuele besker- ming Waarborg Sekuriteit Kontrakbreuk Verjaring Versekering